**SA MEDIA**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 1 0 1 4 | 9 9 / 1 2 0 2 3 1 3 6 | 8 1 | 1 1 6 4 7 |

DIE BURGER Jr. ........ Nr. ........ P. 2 Dat. 2 DEC. 1999

# Denel belang se verkoop goedgekeur

KAAPSTAD. – Die verkoop van die wapenvervaardiger Denel se belang van 50% in die inligtingstegnologiegroep Debis IT Services South Africa vir R33 miljoen is goedgekeur deur die Kabinetskomitee wat oor privatisering besluit.

Die oorblywende 50% in Debis wat Denel en sy filiaal Ariel Technologies nie besit nie, is in die hande van Debis Systemshaus, 'n filiaal van die DaimlerChrysler groep. Die verkoop van die belang is ingevolge die voorkeurreg in die aandeelhouersooreenkoms wat die ander party die eerste reg op weiering bied in geval van die verkoop van aandele.

Die Interministeriële Kabinetskomitee oor die Herstrukturering van staatsbates het ook die verkoop van Denel se leningsboek in Bonaero Park goedgekeur. Denel het deur dié leningsgerief huislenings aan werknemers verskaf. Meer as 20% van die leners is egter nie meer werknemers van Denel nie. Lenings aan nie-werknemers was meestal vir voormalige werknemers van Denel/Krygkor.

● Die komitee het die aanstelling van Gemini Consulting as raadgewer vir die SABC se herstrukturering goedgekeur. Die onmiddellike privatisering van die risikoversekeraar Sasria is ook goedgekeur.

TREFWOORDE

1 Sake Burger
2 Kabinet
3 Kommissie
4 goedkeuring
5 Verkope
6 Denel
7 aandele
8 inligtingstegnologie
9
10